

KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT

BELEID RAKENDE PARKE, OPENBARE OOP RUIMTES, BESTUUR VAN BOME EN ALGEMENE VERGROENING

1 Doel van Beleid

Die doel van hierdie beleid is om, tesame met ander toepaslike wetgewing, 'n doeltreffende wets- en administratiewe raamwerk te voorsien -

- (a) om te verseker dat die wyse waarop die Munisipaliteit openbare oop ruimtes, parke, die bestuur van bome en vergroening in die algemeen beheer, bestuur en ontwikkel, omgewings- volhoubaar is en in die langtermynbelang van die hele gemeenskap van Kaap Agulhas Munisipaliteit, asook toekomstige generasies; en
- (b) wat die regte en verpligtinge van die publiek ten opsigte van openbare oop ruimtes, parke en die bestuur van bome en vergroening in die algemeen duidelik omskryf.

2 Beleidstoepassing

Hierdie beleid is van toepassing op elke openbare oop ruimte, park, boom en vergroeningsaktiwiteit wat onder Kaap Agulhas Munisipaliteit ressorteer.

3 Omskrywings

In hierdie Beleid, tensy uit die konteks andersins blyk, beteken -

- "amptenaar" enige gemagtigde amptenaar in diens van die munisipaliteit aan wie die magte om op enige bepaling van hierdie beleid op te tree, gedelegeer is;
- "dier" enige werwelid, ingesluit die definisie soos hieronder ten opsigte van probleem diere.
- "kennisgewing" 'n duidelike, sigbare kennisgewing in een of meer amptelike taal wat deur of onder die gesag van die munisipaliteit vertoon word;
- "landbougrond" grond wat deel uitmaak van oop ruimtes wat hierin omskryf word en gebruik word vir landboudoeleindes deur die Munisipaliteit of ander wettige gebruikers daarvan;

Beleid rakende Openbare Oop Ruimtes, Bome en Vergroening - Finale konsep

"Munisipaliteit" die Munisipale Raad van die Kaap Agulhas Plaaslike munisipaliteit, wat 'n munisipale raad is soos omskryf in die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 en Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998;

"oop ruimtes" sluit die volgende in sonder benadeling van die algemeenheid van die term:

- (a) ontwikkelde parkgebiede;
- (b) onontwikkelde parkgebiede, behoorlik as sodanig gesoneer;
- (c) landbougrond in besit van die Munisipaliteit of die Staat;
- (d) stroke grond in besit van die Munisipaliteit of die Staat;
- (e) sypaadjies en padeilande;
- (f) openbare parkeerareas;
- (g) 'n dam en omliggende gebied;
- (h) enige ander strook grond met nie-bepaalde gebruik;
- (i) privaat oop ruimtes;
- "parkgebiede" enige gebied of openbare [of privaat] oop ruimte soos hierin omskryf, wat as sodanig afgebaken is, ongeag of dit ontwikkel of onontwikkel is;
- "probleemboom" sluit alle bome in wat as Indringers verklaar is kragtens die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, Wet 43 van 1983 en ander bome wat deur die Munisipaliteit as problematies verklaar is as gevolg van bepaalde kenmerke wat dit ongeskik maak;
- "probleemdiere" sluit enige soogdier, reptiel, insek, voël of vis in wat in enige oop ruimte, dam of rivier Ingebring is en wat die welsyn van die omgewing bedreig en/of enige steurnis veroorsaak, hetsy geraas of reuk, gesondheidsgevaar of gevaar vir enige persoon langs die openbare oop ruimte of wat die oop ruimte besoek;
- "tuin" enige area oop ruimte soos hierin omskryf wat deur die Munisipaliteit as 'n tuin afgebaken is;
- "voertuig" enige self-aangedrewe voertuig en sluit in:

- (a) 'n sleepwa;
- (b) 'n voertuig met pedale en 'n motor of 'n elektriese motor as integrale deel daarvan of daaraan vasgeheg en wat ontwerp en aangepas is om deur middel van sodanige pedale of motor of beide sodanige pedale en motor aangedryf te word, maar sluit nie die volgende in nie:
- (i) enige voertuig wat deur elektriese krag aangedryf word wat verkry word uit batterye en wat deur 'n voetganger beheer word; of

- (ii) enige voertuig met 'n massa van nie meer nie as 230 kg en spesifiek ontwerp en gebou en nie bloot aangepas nie, vir die gebruik van enige persoon wat aan enige fisiese defek of gestremdeheid ly en uitsluitlik deur sodanige persoon gebruik word;
- (c) 'n fiets wat enige twee-, drie- of vier-wiel motorfiets insluit. "volwassene" enige persoon van die ouderdom van 18 (agtien) jaar en ouer.

Die manlike aanspreekvorm sluit die vroulik in, en omgekeerd, en die enkelvoud sluit die meervoud in, en omgekeerd.

4. BESTUUR EN ADMINISTRASIE VAN OPENBARE OOP RUIIMTES

4.1.1 Openbare oop ruimtes moet in die belang van die hele gemeenskap bestuur en waar toepaslik, ontwikkel word en in die bepaling van die belang van die hele gemeenskap –

- (a) moet die langtermyn- kollektiewe belange van die mense van Kaap Agulhas Munisipaliteit prioriteit geniet bo die belange van enige spesifieke belangegroep of sektor van die samelewing;

(b) moet 'n langtermynperspektief, wat die belange van toekomstige generasies in ag neem, ingeneem word; en

- (c) moet die belange van ander lewende organismes wat van openbare oop ruimtes afhanklik is, in ag geneem word.

4.1.2 Openbare oop ruimtes moet op 'n omgewings- volhoubare wyse bestuur word.

4.1.3 Mense moet toegang gebied word tot openbare oop ruimtes op 'n nie-diskriminerende en gelyke basis.

4.1.4 Indien nodig, moet spesiale maatreëls getref word om toegang tot openbare oop ruimtes vir gestemde persone te fasiliteer.

4.1.5 Die ontspannings-, opvoedkundige, maatskaplike en ander geleenthede wat openbare oop ruimtes bied, moet beskerm en bevorder word om plaaslike gemeenskappe en die publiek in staat te stel om hul lewensgehalte te verbeter en te verryk.

4.1.6 Plaaslike gemeenskappe moet aangemoedig word om die openbare oop ruimtes in hul gebiede te gebruik en daarna om te sien.

4.1.7 Die natuurlike omgewing en erfenishulpbronne in openbare oop ruimtes moet geïdentifiseer, bewaar en bevorder word tot voordeel van die plaaslike gemeenskap, die publiek en toekomstige generasies.

4.1.8 Die Munisipaliteit kan met betrekking tot enige openbare oop ruimte –

- a) enige area in 'n openbare oop ruimte aanwys as 'n area waarin een of meer aktiviteite wat andersins ingevoelge hierdie beleid verbied word, toegelaat word, en 'n prominente kennisgewing tot dien effekte by elke ingang tot die aangewese area vertoon;

b) enige openbare oop ruimte ontwikkel;

c) munisipale eiendom oprig, bou, vestig of afbreek; en

- d) enige ander mag uitoefen wat redelik nodig mag wees in die nakoming van die Munisipaliteit se verpligtinge ingevolge hierdie beleid ten opsigte van die bestuur van openbare oop ruimtes.

4.1.9 Toegang tot 'n openbare oop ruimte kan beperk word op 'n wyse wat nie onregverdigbaar diskrimineer teen enige persoon of klas persone nie.

4.1.10 Die Munisipaliteit kan met betrekking tot ontspanningsaktiwiteite in openbare oop ruimtes die volgende voorskryf –

- a) 'n fooi vir die reg om 'n spesiale gebeurtenis aan te bied;
- b) 'n fooi vir die reg om munisipale eiendom eksklusief vir 'n bepaalde tydperk te gebruik;
- c) 'n deposito voor uitvoering van 'n verbode aktiwiteit met die Munisipaliteit se toestemming en die koste vir die vervanging van boon indien van toepassing.

4.2 Beperkte toegang

Die Munisipaliteit kan toegang tot enige openbare oop ruimte of tot enige deel van 'n openbare oop ruimte vir 'n bepaalde tydperk beperk—

- a) om enige aspek van die omgewing binne 'n openbare oop ruimte te beskerm;
- b) om vandalisme en die vernietiging van eiendom te verminder;

c) om die administrasie van 'n openbare oop ruimte te verbeter;

d) om 'n openbare oop ruimte te ontwikkel;

e) om 'n spesiale gebeurtenis moontlik te maak of om enige aktiwiteit te onderneem wat die Munisipaliteit redelik nodig of toepaslik ag om die doeleindes van hierdie beleid te bereik.

4.3 Munisipaliteit se verpligting ten opsigte van openbare oop ruimtes

- a) Om die bepalings van hierdie beleid te administreer, implementeer en af te dwing;
- b) Om 'n kennisgewing ingevolge enige bepaling van hierdie beleid uit te reik;

c) Om enige persoon opdrag te gee om 'n openbare oop ruimte te verlaat indien die gemagtigde amptenaar redelik glo dat die persoon enige bepaling van hierdie beleid oortree en versulm om onmiddellik sodanige oortreding te staak nadat daardie amptenaar sodanige persoon aangesê het om dit te staak;

d) Om, indien sodanige amptenaar 'n vredesbeampte is, enige mag wat deur 'n vredesbeampte uitgeoefen mag word kragtens die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 of 1977) uit te oefen.

e) Om toe te sien dat openbare oop ruimtes oop is vir die publiek tussen sonsopkoms en sonsondergang, tensy andersins ingevolge 'n kennisgewing gespesifiseer word; en

f) Om 'n kennisgewing by elke ingang te vertoon wat die volgende aandui:

- (i) die oopmaak- en sluitingsyde van daardie openbare oop ruimte; en
- (ii) enige reëls wat deur die Munisipaliteit gemaak is ten opsigte van daardie openbare oop ruimte.

4.4 Landskapuitleg

4.4.1 Die munisipaliteit verels dat 'n 'landskapontwikkelingsplan' voorgela word vir alle ontwikkelings, beplanningsregulasie-aansoeke (herosnering en onderverdelings) en infrastrukturele verbeterings wat openbare oop ruimtes, parke en algemene estetika raak.

4.4.2 Die landskapontwikkelingsplan moet opgestel word deur 'n geregistreerde landskapargitek of alternatiewelik, in die geval van kleiner of minder belangrike ontwikkelings, 'n toepaslik gekwalifiseerde of ervare persoon wat spesifiek deur die Munisipaliteit goedgekeur is.

4.4.3 Die 'landskapontwikkelingsplan' moet voor enige ontwikkeling plaasvind, goedgekeur word en moet na die wense van die Munisipaliteit geïmplementeer word.

5 BESTUUR VAN BOME

- 5.1 Die verpligtinge van die Munisipaliteit ten opsigte van openbare bome sluit die volgende in:
- 5.1.1 beskerming en bewaring van bome in parke en strate;
- 5.1.2 beskerming en bewaring van inheemse plantegroei deur die natuurlike staat daarvan te handhaaf en volhoubaarheid daarvan te bevorder;
- 5.1.3 bevordering van die aanplanting van geskikte (veral inheemse) bome op openbare en privaat eiendom;
- 5.1.4 inligting en opvoeding van die gemeenskap omtrent die waarde van bome en ontmoediging van vandalisering van bome;
- 5.1.5 versekering dat Kaap Agulhas Munisipaliteit ontwikkel in 'n groen dorp met 'n onvloed bome en natuurlike plantegroei;
- 5.1.6 identifisering, verwydering en beheer van probleemplantie;
- 5.1.7 beskerming van wateropvanggebiede teen Indringerbome;
- 5.1.8 vervanging van alle bome wat verwyder word deur geskikte plaasvervangers.
- 5.2 Die Munisipaliteit sal geen boom verwyder nie, tensy:
- 5.2.1 die persoon wat die verwydering daarvan vereis, 'n skriftelike aansoek aan die Munisipale Bestuurder gerig het waarin die boom wat verwyder moet word en die rede vir die versoek geïdentifiseer word;
- 5.2.2 die Direkteoraat verantwoordelik vir boombestuur die aansoek ondersoek het;

- 5.2.3 die aansoeker skriftelik van die Munisipaliteit se besluit in kennis gestel word; en
- 5.2.4 die aansoeker die fooi vir die verwydering van die boom betaal, waar van toepassing.
- 5.3 'n Boom wat op 'n openbare oop ruimte of sypaadjie staan, sal gratis deur die Munisipaliteit verwyder word, indien:
- 5.3.1 die boom dood is of besig is om dood te gaan as gevolg van natuurlike oorsake en om hierdie rede ongevaar vir die omliggende omgewing inhou;
- 5.3.2 die boom deur weerlig getref is en 'n gevaar vir die omliggende omgewing inhou;
- 5.3.3 die boom enige strukturele defekte in die hoofstam het as gevolg van brand, bakterieë of swamsiekte of enige ongeluk en om hierdie rede 'n gevaar vir die omliggende omgewing inhou;
- 5.3.4 die boom as 'n probleemboom verklaar is;
- 5.3.5 die boom 'n gevaar vir verkeer inhou wat nie reggestel kan word deur die boom te snoei nie;
- 5.3.6 die Munisipaliteit deur 'n besluit van die Burgemeesterskomitee na oorlegging met die Wyksraadslid beslis dat enige boom verwyder moet word;
- 5.3.7 die boom munisipale ontwikkeling belemmer soos paale, stormwater- of kraglyne, op voorwaarde dat alle kostebeitreffende en praktiese alternatiewe om die boom te bewaar, geëvalueer is;
- 5.3.8 die boom ernstige skade aan paale, geboue, damme of mure veroorsaak en indien die skade meer as die boom se vervanging en verwyderingskoste beloop;

5.3.9 die boom dreig om te val;

5.3.10 die boom verwyder moet word as gevolg van 'n voorgenome ingang tot 'n eiendom, nuwe of bykomende parkeering, veranderinge in die boom se omgewing, voetgangerpad of enige soort gebou of ontwikkeling in die posisie van die bestaande boom;

5.3.11 die boom verwyder moet word as gevolg van ondergrondse ontwikkelings soos kraglyne, rioollyne of kommunikasie lyne; en

5.3.12 die boom verwyder moet word as gevolg van skade wat veroorsaak is deur:

- a) nalatige of doelbewuste vergiftiging van 'n boom (kriminele aanklagte kan aanhangtig gemaak word) indien skuldig bevind.
- b) voertuigbotsing; of
- c) voertuie en/of toerusting wat in die nabyheid van die boom beweeg of

werk.

5.4 Onaanvaarbare redes vir boomverwyderingsaansoeke:

Bome sal nie om die volgende redes verwyder word nie, alhoewel 'n kombinasie van hierdie faktore oorweeg kan word, in welke geval die boom wat die probleem veroorsaak heel waarskynlik reeds 'n verklaarde probleemboom is. Gevolglik, indien 'n boom nie 'n probleemboom is nie, moet hierdie redes as onredelik beskou word.

5.4.1 Bome wat hulbiare verfoer;

5.4.2 bome wat vrugte en blomme verfoer;

5.4.3 bome wat oud is;

9

5.4.4 bome wat 'n area of geboue oorskadu;

5.4.5 bome wat gom, stuifmeel of enige natuurlike stof afgeelutitskei. In die geval waar 'n persoon aan 'n allergie ly en aanneem dat dit deur enige deel of afskeiding van die boom veroorsaak word, sal van sodanige persoon vereis word om bewys te lewer (deur middel van 'n allergebets) dat hy 'n positiewe allergiese reaksie op die boom of produk daarvan toon. Die Munisipaliteit sal gereedig wees om sodanige laboratoriumtoets te versoek. Optrede op sodanige klagte word geheel en al aan die diskresie van die Munisipaliteit oorgelaat;

5.4.6 bome wat 'n siekte het;

5.4.7 bome wat natuurlik skeep groei (uitgesluit bome wat besig is om om te val en/of dreig om dit te doen);

5.4.8 bome wat vergiftig en beskadig is. Bome sal slegs verwyder word indien die boom heeltemal dood is, tensy dit 'n gevaar vir die omliggende omgewing inhoud.

In al hierdie gevalle, sal die versoek om boomverwydering deeglik en met gepaste respek deur die munisipaliteit ondersoek word.

5.5 Snoei van bome op oop ruimtes en sypaadjies

5.5.1 Bome sal op versoek van enige persoon gesnoei word, ongeag of sodanige versoek persoonlik, telefonies of skriftelik gemaak word.

5.5.2 Die Munisipaliteit sal volgens boomkundige standaardde gesnoei word en geen versoeke wat van hierdie standaardde afwyk, sal oorweeg word nie.

5.6 Straatbome

10

5.6.1 'n Persoon kan telefonies of skriftelik aansoek doen om die plant van 'n boom op die syaadjie wat aan sodanige persoon se eiendom grens.

5.6.2 Die Munisipaliteit sal die area vir boomplanting ondersoek om die mees geskikte boomspesies, die aantal en posisie van aanplanting te bepaal en die aansoeker skriftelik omtrent die uitslag van sy ondersoek inlig.

5.6.3 Die Munisipaliteit sal die plantposisie van die bome op 'n duidelik sigbare manier merk.

5.6.4 Die aansoeker sal verantwoordelik wees vir die grawe van gate en plant van die bome op 'n voorgeskrewe manier.

5.7 Privaat-aangeplant bome op syaadjies

5.7.1 Alle bome wat deur privaat persone aangeplant is, sal die eiendom van die Munisipaliteit bly en mag nie sonder die Munisipaliteit se toestemming verwyder of gesnoei word nie.

5.7.2 Waar enige persoon 'n boom op 'n syaadjie op openbare oop ruimte wat aan die Munisipaliteit behoort, plant met of sonder die toestemming van die Munisipaliteit om dit te doen, sal sodanige boom die eiendom van die Munisipaliteit word wanneer dit wortel geskiet het.

5.7.3 Indien die Munisipaliteit volgens sy uitsluitlike diskresie besluit dat die boom wat so geplant is, ongeskik is om enige rede, kan hulle die persoon wat die boom geplant het, versoek om die boom te verwyder en indien die boomplanter versuim om dit te doen, sal die Munisipaliteit die boom verwyder.

5.8 Probleembome

Alle bome wat as indringers verklaar is deur die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, Wet 43 van 1983 en wysigings daartoe, ontvang geen beskerming van die Munisipaliteit nie. Hierdie bome moet mettertyd verwyder word en deur inheemse bome vervang word.

Die Munisipaliteit kan sekere boomspesies by die lys van probleembome voeg indien die boom sodanige optrede noodsaak. Dit moet voorafgegaan word deur 'n verslag van die verantwoordelike Direkteoraat waarin sodanige verklaring aanbeveel word en daarna deur die Burgemeesterskomitee goedgekeur word.

6 VERGROENING BY LAEKOSTEBEHUISINGSPROJEKTE

6.1 Alle kontrakteurs wat vir die ontwikkeling van laekostebehuising aangestel word, moet een boom per huis plant, wat vir die kontrakteur se rekening sal wees. Hierdie vereiste sal 'n standaardklousule in tenderspesifikasies vir laekostebehuisingprojekte wees, ongeag of die Munisipaliteit, die Provinsiale of Nasionale Departement verantwoordelik vir behuising of sy behoorlik aangestelde verteenwoordiger sodanige tenderproses administreer.

6.2 Die volgende moet tydens die beplanningsfase van laekostebehuisingprojekte versker word:

i) Die huis moet op so 'n wyse geplaas word ten einde te verseker dat voldoende buitenshuise ruimte beskikbaar is vir tuinmaakdoeleindes wat dikwels huishoudelike voedseltuine kan insluit.

ii) Huishoudings moet gryswaterafloop vir tuinmaakdoeleindes kan gebruik.

iii) Syaadjies moet minstens 3 meter breed wees om vir die aanplanting van straatbome voorsiening te maak.

iv) Landskapontwikkelingsplanne moet voorgelê word vir elke laekostebehuisingprojek en die implementering daarvan sal deel uitmaak van die totale projektkoste vir sodanige projek.

7 ALGEMENE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN OPENBARE OOP RUIMTES, PARKE
EN BESTUUR VAN BOME

7.1 Diere

Geen persoon mag:

- 7.1.1 'n dier inbring of hê in enige openbare oop ruimte waar 'n kennisgewing wat die toegang van diere verbied, vertoon word nie; of
- 7.1.2 enige dier onder sy sorg inbring of toelaat op 'n openbare oop ruimte nie tensy sodanige dier onder behoorlike beheer en effektiwief in toom gehou word en weerhou word daarvan om enige geraas of gevaar vir enige persoon te veroorsaak; of
- 7.1.3 enige dier bad of was of toelaat dat enige dier in sy sorg gewas word in enige pool, stroom, fontein, ornamentele waterstruktuur of dam nie;
- 7.1.4 enige ontlasting van enige dier in sy/haar sorg in 'n openbare oop ruimte agterlaat nie, maar sal sodanige ontlasting verwyder, op voorwaarde dat hierdie bepaling nie van toepassing sal wees op 'n blinde persoon wat deur 'n gidshond gelei word of diere wat wel waar 'n permit vir sodanige doel uitgereik is nie;
- 7.1.5 'n aangewese openbare oop ruimte vir diereweldding gebruik nie.

7.2 Voertuie

Geen persoon mag:

- 7.2.1 enige fiets, of voertuig op enige openbare oop ruimte ry, trek of aandryf nie, buiten 'n rolstoel of 'n kinderstoel wat met die hand getrek of aangedryf word en uitsluitlik gebruik word vir die vervoer van 'n kind of kinders of invalide, behalwe in die plekke en op

13

die tye wat deur hierdie beleid bepaal word of deur kennisgewings wat op of naby die ingang tot enige sodanige openbare oop ruimte opeelig of vertoon word;

7.2.2 enige voertuig bestuur op enige openbare oop ruimte wat volgens kennisgewing op 'n spesifieke datum aangewys is nie;

7.2.3 enige voertuig aandryf, laat staan of plaas op of oor enige deel van 'n blombedding of grasperk nie;

7.2.4 enige deel van enige openbare oop ruimte vir die skoonmaak van 'n voertuig gebruik nie;

7.2.5 herstelwerk of instandhouding aan 'n voertuig in 'n openbare oop ruimte verrig nie;

7.2.7 'n voertuig in 'n openbare oop ruimte parkeer op enige ander plek as 'n parkeerarea wat spesifiek vir voertuie aangewys is nie;

7.2.8 onspanningsvoertuie soos "veelreinvuurtuie" (VTV of vierwielsetse), viertrekvoertuie en 4x4's op enige openbare oop ruimte, padreserwe of sypaadjie gebruik nie.

7.3 Speeltoerusting

7.3.1 Waar speeltoerusting in 'n ontwikkelde parkarea vir die vermaak van kinders voorsien word, sal sodanige toerusting nie deur 'n persoon ouer as 16 (sesstien) jaar oud gebruik word nie.

7.3.2 Geen kinders onder die ouderdom van 16 (sesstien) jaar sal die speeltoerusting gebruik behalwe onder direkte toesig van 'n volwassene nie.

14

- 7.3.3 Die Munisipaliteit sal nie verantwoordelik en aanspreeklik gehou word vir enige persoonlike besering wat opgedoen is, of die dood van enige persoon wat die speeltoerusting gebruik nie, of verlies of skade aan sy eiendom voortspruitend uit die gebruik van die speeltoerusting nie, tensy die Munisipaliteit nalatig opgetree het in die uitvoering van sy plig teenoor sodanige persoon.
- 7.3.4 Die Munisipaliteit sal waar moontlik 'n geskikte kennisgewing oprig as waarskuwing teen gevare wat verband hou met die gebruik van die speeltoerusting in die onmiddellike omgewing van die speeltoerusting en die maksimum ouderdom van kinders wat toegelaat word om die toerusting te gebruik daarop aandui.
- 7.3.5 Die Munisipaliteit sal die speeltoerusting te alle tye in 'n behoorlike werkende toestand in stand hou.
- 7.3.6 Geen verversings mag sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit op 'n openbare oop ruimte verkoop of te koop aangebied word nie;
- 7.3.7 Geen venter of straathandelaar sal toegelaat word om sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit in 'n openbare oop ruimte handel te dryf nie.
- 7.4 Algemene verbod
- Geen persoon mag:
- 7.4.1 enige openbare oop ruimte betree of poog om te betree wat afgekamp is of enige tydelike omheining op 'n openbare oop ruimte waar toegang verbied word deur kennisgewings wat aangebring is of opgerig is by of naby die ingang van sodanige omheinde area of tydelike omheining; of deur of oor enige hek of heining klim nie; of
- 7.4.2 'n vuur aansteek nie, of
- 7.4.3 wild of voëls van enige soort jaag, vang, jag of doodmaak met behulp van nette, jaghonde, wippe, gewere, ketties, valle of strikke, of op enige ander manier nie; of enige nette, jaghonde, wippe, valle of strikke stel of enige missiel gool met die bedoeling om enige voël of dier te beseer of te vang nie; of
- 7.4.4 enige voël nes besteel of poog om te besteel; of enige voël nes versteur of verwyder nie; of
- 7.4.5 enige loopgraaf, gat, put of tonnel graawe of uithol; of enige grond, sand, gruis, klei, graspol, grasperk, skimmel, klippe, minerale, water of hul stowwe neem of verwyder nie; of
- 7.4.6 enige fontein, standbeeld, monument, paal, ketting, reiling, heining, sipplek, versperring, hek, lamp, lamppaal, kennisgewingsbord of -plaat, huis, gebou, skuur, urinaal, kabinet, vlagteken, baken, grenstekens of ander artikel of ding verwyder, beskuldig of daarop klim nie of dit ontstier of mismaak deur enige bijette, papiere, piakkate of kennisgewing daarop te plak of aan te bring nie; of deur dit te sny, daarop te skryf,

stempel, druk, teken of merke daarop aan te bring, of op enige ander wyse hoegenaamd nie; of

7.4.7

enige boom, heining, hek, heiningpaal, paal of plant sny, vasmaak, neem, verwyder, opgrawe, afkap, verbrand, pluk, breek, vernietig, of daarop klim, of skade of besering daaraan veroorsaak nie; of

7.4.8

loop, staan, sit of lê op enige blombedding; of enige blombedding beskadig nie; of

7.4.9

enige dam in enige bestaande stroom op 'n openbare oop ruimte optig nie of inmeng met enige waterloop of kanaal op 'n openbare oop ruimte of dit aflei nie; of

7.4.10

in enige stroom, poel, fontein of ornamentele waterstruktuur wat op 'n openbare oop ruimte geleë is, enige vis vang, daarvoor hengel of dit beseer of op enige wyse daarmee inmeng nie; of

7.4.11

kierde of iets anders in enige poel, stroom, fontein of ornamentele waterstruktuur op 'n openbare oop ruimte was nie of dit andersins, of enige water daarin, besoedel nie, behalwe waar geen water vir menslike gebruik in die gebied aan inwoners beskikbaar is nie; of

7.4.12

kierde of ander artikels op 'n openbare oop ruimte laat droog word nie; of

7.4.13

homself of enige ander persoon of dier was, of enige dier in sy sorg in enige poel, stroom, fontein of ornamentele waterstruktuur wat op 'n openbare oop ruimte geleë is, toelaat nie; of

17

enige vullis, gemors, papier, dooie dier of ander voorwerp of ding in 'n openbare oop ruimte gooi, stort of los nie; of

7.4.14

op enige plek, buiten op sodanige plekke as wat deur die Munisipaliteit vir daardie doeleindes voorsien is, ontias of urineer nie; of

7.4.15

plante pluk of oes of doelbewus of nalatig enige plant of grasperk op enige wyse hoegenaamd beskadig of beseer nie; of

7.4.16

enige gedeelte van 'n openbare oop ruimte sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit beset, bewoon, opbreek, plunder, omploeg, bewerk, besaai, verbou of dit laat beset, bewoon, opbreek, plunder, omploeg, bewerk, besaai of verbou nie; of

7.4.17

enige paal, heining, tent, hokkie, skerm, staander, swaal of ander gebou, oprigting of obstruksie van water aard ook al sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit oprig nie; of

7.4.18

enige vuurwapen, windbuks, vuurwerke, kettie of strop afvuur, of enige klip, stok of ander misstel gooi of enige spuit, inspuiting of ander instrument gebruik of enige-lies doen wat die publiek in gevaar kan stel of as 'n steurnis, obstruksie of ergernis vir die publiek beskou kan word nie; of

7.4.19

enige persoon verhinder, hinder, onderbreek of pla in die behoorlike gebruik van enige deel van 'n openbare oop ruimte nie; of

7.4.20

18

- 7.4.21 enige openbare vergadering of byeenkoms of musiekoptrede toespreek, hou of daaraan deelneem, wat nie op skrif deur die Munisipaliteit deur middel van sy direkteoraat gemagtig is nie; of
- 7.4.22 binne 'n afgekamppte openbare oop ruimte wees na die sluitingstyd van die hekke nie, of weier om te enige tyd sodanige plek te verlaat op versoek van enige werknemer van die Munisipaliteit om dit te doen nie; of
- 7.4.23 op enige openbare oop ruimte rusie maak, baklei, vloektaal, onweloweglike of onbehoorlike taal gebruik, harde musiek speel op watter wyse ookal, op 'n onbehoorlike of aanstootlike wyse optree, of enige steurnis veroorsaak of onder die invloed van dronkmakende drank of dwelmiddels wees nie; of
- 7.4.24 in 'n openbare oop ruimte bedel nie; of
- 7.4.25 'n perd, muil, donkie, kameel of enige ander pakkier op 'n openbare oop ruimte bring of ry nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit; of
- 7.4.26 in parkareas adverteer nie; of
- 7.4.27 op enige openbare oop ruimte sonder die vooraf toestemming van die Munisipaliteit woon nie; of
- 7.4.28 deelneem aan enige vorm van seksuele omgang of seksuele aktiwiteit op enige openbare oop ruimte nie; hulself in enige naak of onweloweglike wyse blootstel nie; enige pornografiese materiaal van watter aard ookal op enige openbare oop ruimte bring nie; of bostukloos in die son baai nie.

Hierdie beleid is op deur Raadsbesluit aanvaar en is van krag vanaf